higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR-VLAK 2

(3011022)

20 November 2018 (X-vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 … is 'n voorbeeld van 'n kulturele verandering.

A Tegnologie
B Verstedeliking
C Vervoerstelsel
D Globalisasie

1.1.2 Die formulering en implementering van monetêre beleid is die verantwoordelikheid van:

A ABSA
B SARB
C FNB
D Land Bank

1.1.3 ... is NIE 'n doelwit van die fiskale beleid nie.

A Werkskepping
B Armoedeverligting
C Bou meer kerke om misdaad te bestry
D Prysstabiliteit

1.1.4 Hierdie beleid word deur die regering gebruik om die bestedingsvlak in die ekonomie te verhoog deur inkomstebelasting te verlaag:

A Bestedingsbeleid
B Beperkende fiskale beleid
C Skuldbestuursbeleid
D Ekspansionistiese fiskale beleid

1.1.5 Een van die volgende is 'n voorbeeld van 'n onderneming se ondersteuningstruktuur:

A CHAMSA
B PSA
C COSATU
D NUMSA

NCV

1.1.6 Een van die fases van die sakesiklus is die …

A spits.
B gly .
C onderste draai.
D boonste draai.

1.1.7 Indien 'n land se kontantvloei meer as die kontantuitvloei is, …

A sal die rand nie as handelsvaluta gebruik word nie.
B sal die rand appresieer.
C sal die rand depresieer.
D sal winste voorkom.

1.1.8 Suid-Afrikaanse invoere bestaan grootliks uit …

A nieduursame goedere.
B kapitaalgoedere.
C koeldrank.
D vleis.

1.1.9 Een van die volgende word NIE deur die Suid-Afrikaanse regering gedoen om uitvoere aan te moedig nie:

A Uitvoerkredietversekering
B Terugbetaling van doeane- en aksynsregte
C Geen reisonkoste vir uitvoerders
D Uitvoerkredietaansporing

1.1.10 Die … rekening teken 'n land se betrokkenheid by internasionale kontantvloei op.

A lopende
B finansiële
C amptelike reserwe-
D spaar-

(10 × 1) (10)

NCV

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item/'n woord in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Depressie	A	owerheidsbesteding is groter as sy inkomste
1.2.2	Absolute voordeel	B	word gekenmerk deur die afname in huishoudings se koopkrag
1.2.3	Laagtepunt	C	formulering en implementering van monetêre beleid
1.2.4	Primakoers	D	aardverhitting
1.2.5	Vraagdeposito	E	draaipunt voor 'n uitbreidingsfase
1.2.6	Invoerbelasting	F	gunstige koers wat banke vir hul spesiale klante aanbied
1.2.7	$1 = R7,20	G	die regering hef hierdie spesiale belasting op produkte wat in die land ingevoer word
1.2.8	Faktor wat die fisiese omgewing beïnvloed	H	produseer bepaalde goedere en dienste beter as 'n ander land
1.2.9	Begrotingstekort	I	wisselkoers
1.2.10	SARB	J	geld wat sonder kennisgewing onttrek kan word

(10 × 1) (10)
[20]

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer

2.1 Daling in rentekoerse dra by tot die styging in inflasie.

2.2 'n Tekort op die lopende rekening kom voor wanneer invoere meer as uitvoere is.

2.3 Die sterk styging in die prys van koring sal tot inflasie lei.

2.4 Die handelsiklus word in net sewe fases verdeel.

2.5 Goud word in Suid-Afrika as 'n ruilmiddel gebruik.

Kopiereg voorbehou

2.6 'n Daling in die belastingkoers sal tot minder besteebare inkomste lei.

2.7 Die wisselkoers het 'n invloed op die pryse van invoere.

2.8 Die euro word as geldeenheid gebruik om goedere en dienste in Japan te koop.

2.9 Wanneer die Suid-Afrikaanse Reserwebank die rentekoerse verhoog, beteken dit dat verbruikers minder vir hul skuld hoef te betaal.

2.10 'n Nag se verblyf in een van Dubai se duur hotelle is 'n voorbeeld van 'n ekonomiese uitvloei.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A 30

AFDELING B

VRAAG 3

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

SA-INFLASIE REGISTREER TEEN 5,4%

Suid-Afrika se mikpuntverbruikersprysinflasie het in Mei teen 5,4% geregistreer, ietwat op van 5,3% in April 2017. Volgens Statistiek Suid-Afrika is die marginale styging in oorkoepelende inflasie deur enkele voedselitems soos vleis, asook vervoer veroorsaak.

Goeie nuus is dat bepaalde voedselitems deflasie opgeteken het, wat daartoe gelei het dat VPI vir die tweede maand in 'n ry binne die teikenreeks van 5% en 6% gebly het.

[Bron: *SABC News, 21 Junie 2017*]

3.1 Wat is Suid-Afrika se huidige inflasiekoers, volgens hierdie verslag? (1)

3.2 Noem TWEE verbruikersitems wat vir die styging in inflasie verantwoordelik is. (2)

3.3 Onderskei tussen *verbruikersgoedere* en *kapitaalgoedere*. (4)

3.4 Definieer *inflasie*. (2)

3.5 Op grond van die verslag, verduidelik die rede waarom VPI die afgelope twee maande binne die teikenreeks gebly het. (3)

3.6 Wat is die verskil tussen *vraagtrek-inflasie* en *kostestoot-inflasie*? (4)

3.7 Verduidelik kortliks die uitwerking van 'n styging in rentekoerse op individue en sakeondernemings. (3)

3.8 Veronderstel dat die rand in Julie 2017 met 1% verswak het, van R12,50 na R13,50.

Noem of die rand geappresieer of gedepresieer het. (1)

3.9 Verduidelik TWEE uitwerkings van 'n depresiasie van binnelandse valuta op die ekonomie. (4)

3.10 Tabuleer DRIE verskille tussen invoere en uitvoere. (6)
[30]

VRAAG 4

4.1 Bestudeer die tabel hier onder en beantwoord die vrae.

PRYS(RAND)	**HOEVEELHEID GEVRA**	**HOEVEELHEID AANGEBIED**	**TEKORT (-) OF OORSKOT (+)**
R1	11	0	(a)
R2	8	5	(b)
R3	6	6	(c)
R4	5	9	(d)
R5	4	10	(e)

4.1.1 Bereken die waardes van a, b, c, d en e op grond van die bostaande tabel. (5 × 1) (5)

4.1.2 Teken die vraag- en aanbodkrommes op dieselfde stel asse. (5)

4.1.3 Volgens jou grafiek, wat is die ewewigsprys en die ewewigshoeveelheid? (2)

4.2 Definieer die term *wisselkoers.* (2)

4.3 'Handelaars koop op die goedkoopste markte en verkoop op die duurstes.'

4.3.1 Onderskei tussen *binnelandse handel* en *internasionale handel*. (4)

4.3.2 Gee VIER redes vir internasionale handel. (8)

4.4 Noem VIER uitdagings wat Suid-Afrikaanse ondernemings moet oorwin wanneer hulle met die buiteland handel dryf. (4)
[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

KNYSNA-BRANDVERLIGTINGINISIATIEF



Ons het almal die vernietiging in Knysna as gevolg van die brande gesien; terwyl Kaapstad broodnodige reën tesame met sterk winde en stormsee gekry het, het die Tuinroete net die wind gekry – dit het 'n vuur wat aanvanklik waarskynlik maar kleinerig was, in 'n onstuitbare brand laat ontaard.

Die vernietiging is wydverspreid en volgens onbevestigde berigte is 200 huise, 2 skole, 3 gholfbane en 'n hospitaal in puin gelê. Na berig word is 10 000 mense haweloos gelaat voordat die brand ook ooswaarts versprei het.

Die aanliggende George-dorpsraad, sy rampverligtingseenheid, busdiens en NRO's, asook ondersteuning van die Stad Kaapstad en Port Elizabeth, het almal hul deel gedoen wat betref logistiek en die onmiddellike bedreiging, maar ons benodig fondse vir mense nadat hierdie organisasie onttrek het – mense wat nou in armoede verkeer, werkloos of selfs wees gelaat is.

Dit was die ergste ramp wat die Suid-Kaap nog ooit beleef het.

[Bron: *www.backabuddy.co.za/knysna-fire-relief-initiative*]

5.1 Verduidelik in jou eie woorde die konsep van 'n *natuurramp*. (2)

5.2 Gee TWEE voorbeelde van natuurrampe. (2)

5.3 Wat is die invloed van natuurrampe op die ekonomie? (6)

5.4 Definieer *armoede*. (2)

5.5 Verduidelik DRIE oorsake van armoede. (3)

5.6 Verduidelik die uitwerking van armoede op die Suid-Afrikaanse ekonomie. (3)

5.7 Gee VIER voorbeelde van maatskaplike voordele wat deur die Suid-Afrikaanse regering voorsien word om die armoedeprobleem te help oplos. (4)

5.8 Verduidelik VIER tipes werkloosheid. (8)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

WERK MET BOERE SAAM OM TE INNOVEER EN ENTREPRENEURS TE LOK



Innoveerders moet ten nouste met boere saamwerk om data en tegnologieë te skep wat volhoubare landbougroei in die globale Suide 'n hupstoot sal gee, sê voeding- en datakenners.

Volgens Pujara kan die aanvaarding van tegnologieë soos hommeltuie, geoutomatiseerde trekkers en die internet boere wat hul grond bewerk help om produktiwiteit te verhoog en doeltreffend oor die hele waardeketting te verbeter, veral deur boere te help om hul gewasse met behulp van selfone te monitor.

Pujara verduidelik dat data- en tegnologiese innoverings landbou vir die mees talentvolle entrepreneurs 'n meer aantreklike opsie kan maak, en dat dit dan nie meer beskou sal word as 'n laaste uitweg vir arm mense nie.

[Bron: *www.SciDev.Net's*]

6.1 Noem VIER tipes infrastruktuur wat in landbouondernemings oorweeg moet word. (4)

6.2 Noem VIER voordele van 'n verbeterde tegnologie. (4)

6.3 Watter uitwerking het infrastruktuur op ekonomiese groei en die mededingendheid van binnelandse produsente? (6)

6.4 Noem VIER vorms van waarde wat tydens die produksieproses geskep word. (4)

6.5 Verduidelik die belangrikheid van ekonomie vir entrepreneurs. (6)

6.6 Verduidelik DRIE redes waarom migrasie regoor die wêreld plaasvind. (6)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou